

**15 Desember**

**Skrifgedeelte: Romeine 14:1-12**

**Fokusgedeelte: Romeine 14:8,9**

### **Lewe tot eer van die Here!**

Gelowiges – hulle is die “ons” van wie hier gepraat word – lewe tot eer van die Here en hulle sterf tot eer van die Here. Hoor jy dit?

Alleen gelowiges kan tot eer van die Here lewe. Alle mense is in sonde vasgevang (Rom 1-3). Sonde beroof God van sy eer. Alleen wanneer ons van die mag van die sonde verlos is, kan ons lewe tot eer van die Here. Jesus Christus verbreek die houvas van die sonde op ons deur sy sterwe en opstanding. Hy verlos ons van die doodsbestaan in sonde. Hy vernuwe ons deur die Heilige Gees sodat ons kan onderskei wat die wil van God is. Verlos deur Jesus Christus kan gelowiges tot eer van die Here lewe. Dit doen ons wanneer ons onder leiding van die Heilige Gees volgens die wil van God lewe. Dit beteken ook dat ons dankbaar en diensbaar in liefde lewe. Dit is die kern van God se wil – dat ons in liefde sal lewe vir Hom en ons naaste! Liefde vermy selfsug. Liefde gee ruimte – ruimte vir verskillende opinies en standpunte, ruimte om net groente of alles te eet, ruimte dat een dag belangriker as die ander of alle dae ewe belangrik kan wees.

Dit is nodig dat ons vandag in liefde ruimte aan mekaar gee in ons land en in ons kerk. Ons het leefruimte nodig om God te eer in alles wat ons doen. Mag ons in liefde aan mekaar lewensruimte gee om as verlostes deur Jesus Christus tot eer van God te lewe en te sterwe!

*Sing: Skrifberyming 8:1,2 Ds FM Dreyer (Noordrand)*